

Die Here kyk mense deur

Die Here kyk mense deur. Dit voel vir ons asof daar in 'n welluidende intonasie met ons gepraat word. Deurkyk? Dit beteken om deur iets heen te kyk, om iets te sien soos dit werklik is en om krities na 'n persoon te kyk. Op aarde raak gelowiges soms moedeloos as gevolg van die skynbare voorspoed van ongelowige mense. Daar is egter 'n ander kant van die saak en dit is dat die Here mense se ware aard raaksien. Ons sou dit meer op die man af kon uitdruk en sê dat die Here nie oogklappe aan het nie. Die uitdrukking in vers 3 is 'n menslike manier waarop daar oor die grootheid van die Here gepraat word (antropomorfisme). Sodoende word benadruk dat die Here gedagtes, gesindhede en dade van mense raaksien. Niks ontgaan sy alomteenwoordige oë nie. Die Here se kinders is so belangrik vir Hom dat Hy hulle in die oog hou. Op so 'n besondere manier het Hy hulle in die oog gehou dat Hy sy Seun op die regte tyd gestuur het om sy kinders te bevry van die uitsigloosheid van die sonde. Voor sy hemelvaart herinner Jesus sy kerk daaraan dat Hy met hulle is al die dae tot aan die einde.

In die deurkyk van mense, bestaan daar wel in die oë van die Here 'n waterskeiding tussen dwase en verstandige mense. 'n Verstandige mens hou altyd rekening met die Here. 'n Dwaas gee met woord en daad kennis daarvan dat die Here nie vir hom/haar bestaan nie. Die ontnugtering? Die Here sien dit en niks gaan ongemerk by Hom verby nie. Dwase mense kom dalk by mense verby, maar nooit by die Here nie. Die Here kyk deur mense.

Sing: Skrifberyming 15-5

Dr Ferdie Kruger (Alberton-Wes)